Jim van Tonderskool

FONDSINSAMELINGSNR.: 02 200587 000 0

Tel.: 017 647 2606
017 647 5987
Webblad/Webpage: jimvantonder.co.za
E-pos/E-mail: info@jimvantonder.co.za

Alle korrespondensie moet gerig word aan:
All correspondence must be addressed to:

DIE HOOF / THE PRINCIPAL
Jim van Tonderskool
Privaatsak/Private Bag X1007
BETHAL, 2310

22.11.2024
09 van 2024

Geagte Ouers / Voogde

Graag wil ons die volgende onder u aandag bring:

1. SKOOL

1.1 BELANGRIKE DATUMS

06.12.2024	Rapporte en Jaar 4 sertifikate uit.
14.01.2025	Koshuis open 10:00. Koshuis Ouervergadering 11:30.
15.01.2025	Skool open.
22.01.2025	Interhuis Atletiek.

1.2 SKOOLREKENINGE

U kind het vandag 'n skoolrekening ontvang. Gaan dit asb noukeurig deur. Ons wil 'n vriendelike, dog dringende versoek rig dat u asb op datum moet bly met die betalings van skoolgelde. Name van ouers, wat agterstallige rekeninge het, sal aan Prinsloo Prokureurs oorhandig word vir skuldinvordering.

Graag wil ons dié ouers wat gereeld betaal en op datum is, bedank. Ons opregte waardering daarvoor.

1.3 RAPPORTE

Op 06 Desember 2024, word rapporte en Jaar 4 sertifikate vanaf 08:00 tot 10:00 uitgedeel. Dagskoliere sal by hul gewone bushaltes vanaf 07:30 opgelaai word, om hul rapporte te kom afhaal. Busse sal om 08:45 vanaf die skool vertrek om dagskoliere weer by hul bushaltes te gaan aflaai.

Geen rapporte sal per e-pos aangestuur word nie. Indien rapporte nie afgehaal kan word nie, sal die leerders dit eers in 2025, wanneer die skool geopen het, ontvang.

1.4 SKOOL SWEETPAKKE

Ons wil graag ons nuwe skoolsweetpakke en gholfhempies bekendstel, hulle is gereed vir bestelling. Die sweetpakke word gedra tydens sportgeleenthede en die gholfhemde kan vir LO gedra word saam met 'n Swart kortbroek. Pryse is as volg:

- Sweetpakke xs-2xl R600 per sweetpak
- Gholfhemp R250

Albei moet vooruit betaal word wanneer bestelling geplaas word. Leerders kan groottes pas voordat hulle bestel.

1.5 SUEDE SKOOLSKOENE

Baie van ons leerders het van die Grasshopper tipe skoolskoene met die suede afwerking. Dit het onder ons aandag gekom dat die leerlinge hierdie skoene skoonmaak deur dit met houtskool te behandel. Dit is egter 'n groot probleem omdat dit by die skool en veral die kosuis 'n gemors veroorsaak. Ons versoek ouers om toe te sien dat hierdie skoene SLEGS tuis skoongemaak word en NIE by die skool of koshuis nie.

Donasies aan: JIM VAN TONDERSKOOL OPVOEDKUNDIGE FONDS aftrekbaar van inkomstebelasting vlg. Artikel 18a van die Inkomstebelastingwet.

1.6 SKOOLKLERE EN PRYSE

Ons wil ook u herinner aan ander skooldrag wat u kind benodig vir 2025. Die items is verpligtend en geen ander tipes is toelaatbaar nie.

<table>
<tr><th colspan="3">Skooldrag vir die Somer</th></tr>
<tr><th colspan="2">Dogters</th><th>Seuns</th></tr>
<tr><td> </td><td>Grys 6-baan skoolromp.

Wit oopslaan hemp.
(Indien 'n kortmou knoophemp gedra word moet 'n das daarby aangetrek word)

Kort wit sokkies.

Swart skoolskoene.

Swart en geel moulose skooltrui.

Swart skoolbaadjie met wapen / swart baadjie beskikbaar by Jasworth Sports in Bethal.

Slegs 6-baan skoolrompe is toelaatbaar.

Lengte van romp: soomlyn gekniel 10cm van vloer.</td><td> </td><td>Grys kortbroek / Langbroek.

Wit oopslaan hemp.
(Indien 'n kortmou knoophemp gedra word moet 'n das daarby aangetrek word)

Swart / grys skoolkouse.

Swart skoolskoene.

Swart en geel moulose skooltrui.

Swart skoolbaadjie met wapen / swart baadjie beskikbaar by Jasworth Sports in Bethal.</td></tr>
<tr><td colspan="3"></td><td>Koste vir items wat by die skool aangekoop kan word:

Das R 100.00
Moulose trui R 180.00
Skooltrui R 190.00
Skoolbaadjie R 350.00</td></tr>
</table>

Die items is sleg by die skool beskikbaar en kan in die kantoor betaal word. Klere is beskikbaar op 6 Desember vanaf 8:00 tot 10:00 en 14 Januarie vanaf 11:00. Kontak Mev Roux vir meer inligting.

1.7 BUSTARIEWE

Slegs busgelde vir die volgende roetes moet asb in die skool se rekening inbetaal word:

Roete	Koste
Trichardt, Secunda, Evander	R 180.00 per boekie 10 kaartjies
Bethal	R 80.00 per boekie 10 kaartjies
Kriel	R 180.00 per boekie 10 kaartjies
Ermelo	R 100.00 per enkel rit
Hendrina	R 100.00 per enkel rit
Morgenzon	R 50.00 per enkel rit
Volksrust	R 130.00 per enkel rit

BANKBESONDERHEDE:

Rekeningnaam - Jim van Tonderskool
Bank - ABSA
Takkode - 632005
Rekeningnommer - 0760 420018
Verwysingsnommer - Kind se naam en van, bus [Busroete naam].

1.8 BEURSAANSOEKE

Beursvorms kan vanaf 6 Desember 2024 by die skool afgehaal word. Alle nodige dokumentasie moet saam die aansoek ingegee word. Onvolledige aansoeke sal nie aanvaar word nie. Die sluitingsdatum vir die inhandiging van aansoeke is 28 Februarie 2025.

2. KOSHUIS

2.1 FINANSIES 2025

2.1.1 ADMINISTRASIE FOOI

Daar is 'n verpligte R400.00 administrasie fooi betaalbaar aan die begin van Januarie 2025. U moet die R400.00 betaal op die 1ste dag wat u kind kom registreer by die koshuis. U moet die R400.00 betaal al kry u 'n 100% koshuisbeurs.

2.1.2 LOSIESGELDE VIR 2025

Die losiesgelde is R2 100.00 per maand vir 10 maande. U moet reeds die begin Januarie die eerste maand se losiesgelde betaal. Alle losiesgelde is vooruitbetaalbaar.

2.1.3 UITSTAANDE LOSIES

Geen kind met enige uitstaande losies of R400.00 administrasie fooie vir 2024 sal in 2025 in die koshuis toegelaat word nie.

Alle uitstaande rekeninge sal op 1 Desember aan ons skuldinvorderaars, Prinsloo Prokureurs, oorhandig word.

2.2 SLOTTE

Maak asseblief seker dat u kind 2 slotte het. Dit bly elke kind se verantwoordelikheid om sy kas en kamer te sluit.

2.3 BEURSE

Beursvorms is beskikbaar vanaf 6 Desember 2024 by die skool. U moet asseblief vroegtydig aansoek doen vir 'n beurs in 2025. Neem kennis dat die beursaansoeke sluit op Vrydag, 28 Februarie 2025. Geen laat aansoeke sal aanvaar word nie.

2.4 VANDALISME

Daar is tans 'n ernstige probleem ten opsigte van vandalisme in die koshuis. Indien u kind hom/haar skuldig maak aan vandalisme, sal die kostes van u as ouer verhaal word. U kind sal ook vir 'n volle maand uit die koshuis geskors word soos uiteengesit in die koshuisgedragskode.
Dankie vir u samewerking.

2.5 ROOK

Indien u as ouers die leerlinge toelaat om by die huis te rook, vererger dit die huidige probleem. DA Müllerkoshuis is 'n rookvrye area. "Vape" raak 'n baie groot en ernstige probleem in die koshuis. Baie leerders beweer dat hulle ouers hulle voorsien van die "vapes". Dit is 'n oortreding van die Rookwet en dus sal daar baie ernstig teenoor die leerders opgetree word. Kan u as ouers ons asb ondersteun in die saak.

2.6 SKOOLDRAG

Kan u as ouers asseblief help en seker maak dat u kind met die korrekte skooldrag terugkeer na 'n naweek. Baie kinders kom met 'n verskoning dat die skoolskoene en klere by die huis vergeet is; dan loop hulle die hele week met verkeerde klere. Dankie vir u ondersteuning.

2.7 NELSPRUIT BUSROETE

Die dienste van die Nelspruitbus eindig op 22 November 2024. Daar sal vanaf Januarie 2025 geen koshuis Nelspruitbus wees nie. U moet asseblief voorsiening maak vir privaat vervoer vir u kind. Daar is reeds bestaande onafhanklike vervoer beskikbaar.
K&M Transport: 065 827 3129
Thumelo Transport: 071 640 9190

2.8 HENDRINA BUSROETE

Hiermee net die volgende inligting rakende die Hendrina busroete vir 2025.
Die busroete gaan vanaf volgende jaar onder die skool val en nie meer onder die koshuis nie.

Die nuwe tarief vir die busroete is: R100.00 per rit en R200.00 per naweek

Die nuwe bankrekening besonderhede vir die busroete vanaf 2025 is die volgende:

JIM VAN TONDERSKOOL
ABSA BANK : 0760 420 018
VERWYSING : DIE KIND SE NAAM EN VAN ASOOK HENDRINA BUS

2.9 KOSHUISREKENINGE

Neem kennis dat die koshuisrekeninge op 30 Oktober 2024 gesluit het. Koshuisgelde is betaalbaar oor 10 maande, Januarie tot Oktober. Alle koshuisrekeninge moet ten volle betaal wees vir u kind om op 14 Januarie 2025 te kan terugkeer na die koshuis.

2.10 KOSHUIS BANK DEPOSITO'S

Daar word tans heelwat deposito's gedoen met geen of verkeerde/onbekende verwysings. Indien u 'n deposito doen en die verwysing is verkeerd, gaan ons nie die inbetaling na u rekening kan kanaliseer nie en gaan u rekening dus as agterstallig reflekteer.

2.11 BELANGRIKE KOSHUIS KONTAK BESONDERHEDE

Skool	-	017 6475987
		017 4220322
Koshuis e-pos	-	damullerhostel@jimvantonder.co.za
Koshuisvader	-	Mnr Bornman 082 337 1645 **(SLEGS IN NOODGEVALLE)**
Dissipline	-	Mnr. Sibanda 083 418 5579

Alle skool- en koshuisnavrae gedurende skoolure.

2.12 BELANGRIKE DATUMS

14 Januarie 2025	-	Koshuis open 10:00.
15 Januarie 2025	-	Skool open.

Die uwe,

MEV M KRÜGER
HOOF